

## **Sing vooraf staande: Psalm 16:4, 5 (p. 62)**

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 111:1, 5 (p. 553)**

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.  
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 5 Hy het sy volk bevry, bewaak, / vir ewig sy verbond gemaak: / sy Naam is vreeslik, hoog verhewe.  
Sy vrees is wysheids-aanbegin. / Kom wandel dan die heilsweg in! / Aan Hom sy ewig lof gegewe.

## **Gebed**

### **Psalm 76:4, 6 (p. 381)**

- 4 Hoe vreeslik, HEER, is u gerig! / Wie kan bestaan voor u gesig?  
U laat van bo die oordeel hoor, / u donderwoord, die wêreld oor;  
die aarde, uit skrik vir u vermoë, / lê stilverlate voor u oë.
- 6 Doen dan geloftes aan die HEER / en lê jul offers voor Hom neer;  
laat almal wat die HEER omring, / uit vrees aan Hom geskenke bring.  
Hy breek die mens se praalvertonings, / Hy's vreeslik vir die aardse konings.

**Skriflesing:** 1 Samuel 15:1-35

**Kernverse:** 1 Samuel 15:28-29

**En Samuel sê vir hom: Vandag het die HERE die koningskap oor Israel van jou afgeskeur en dit aan jou naaste gegee wat beter is as jy. En ook lieg die Roem van Israel nie, en Hy ken geen berou nie; want Hy is geen mens, dat Hy berou sou hê nie.**

(1 Samuel 15:28-29 AFR53)

**Tema:** Wie aan sy lewe klou, sal dit finaal verloor  
Wie sy lewe ter wille van die Here verloor, sal dit vir altyd behou

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die uitvinding van die wiel was vir die mens 'n groot vooruitgang. Vervoer het met die koms van die wiel net baie makliker en effektiewer geword. En elkeen van ons weet dat 'n wiel aan 'n paar basiese dinge moet voldoen om 'n effektiewe en bruikbare wiel te wees. In die eerste plek moet die wiel ten minste rond wees. Enige ander vorm vir 'n wiel gaan nie goed werk nie. En dan die tweede belangrike ding vir 'n goeie wiel is dat die as presies in die middel van die wiel se binnekant moet wees. Wanneer die as net 'n millimeter van die middelpunt af is, sal jy dit dadelik agterkom. Al is net een wiel van 'n motor so verkeerd, gaan die motor nie lekker ry nie en jy gaan bitter moeilik beheer oor die motor kan behou.

Dit is tog interessant hoeveel aandag, tyd en energie ons mense aan 'n eenvoudige ding soos ons motor se wiele bestee. Maar natuurlik is dit belangrik om toe te sien dat jou motor se wiele reg is, want jou lewe is op die spel as jy met 'n motor ry waarvan die wiele nie reg is nie. Nog belangriker as

die middelpunt van 'n motor se wiel is die middelpunt van my en jou lewe. As die Here nie die middelpunt van ons lewe is nie, dan is Hy nie die heel belangrikste in ons lewe nie. En soos 'n wiel waarvan die as nie presies in die middel is nie en die rit in so 'n motor ongemaklik en gevaarlik maak, net so ongemaklik sal jou lewe wees en ook gevaarlik as enigiets anders as die Here die middelpunt van ons lewe is.

Broers, susters en kinders, die beeld wat ons van Saul kry van sy tweede regeringsjaar af, is dat die Here nie die middelpunt van sy lewe was nie. Of Saul voor dit die Here as middelpunt in sy lewe gehad het, is te betwyfel, want ons afleiding is dat hy van jongs af nie in 'n lewende verhouding met die Here geleef het nie.

Dit is ook nie 'n kwessie van dat Saul nie geweet het dat die Here die heel belangrikste in sy lewe moet wees nie. Net na Israel se oorwinning oor die Ammoniete en toe Israel so opgewonde was oor die koning wat die Here vir hulle gegee het, het Samuel vir Israel en Saul tot nugterheid teruggebring. In sy afskeidsboodskap het Samuel en die Here self vir Saul aangetoon dat die Here alleen God is. Daarom moet Israel en die koning net aan die Here gehoorsaam wees en Hom opreg en met hulle hele hart dien.

Dit was in 1 Samuel 13 waar ons agtergekom het dat Saul self die middelpunt van sy lewe is. Omdat hy bang was vir die Filistyne het hy nie aan die woord van die Here gehoorsaam gebly nie. In plaas daarvan om die volle sewe dae vir Samuel te wag sodat hy kan hoor wat die Here wil hê hy moet doen, waag Saul dit om self die offer op die altaar in Gilgal te bring. Vir Saul was dit heeltemal logies. Dit was die dreigende houding van die Filistyne wat hom genoop het om dwaas op te tree en self die offer te bring. Uit daardie optrede en uit Saul se eie woorde word dit ook duidelik dat Saul 'n bygelowige siening van die Here het. Saul was van mening dat jy net die offers aan die Here moet bring en dan sal die Here tevrede wees en jou in die oorlog help.

Daar het Saul se lewe waggelend om homself begin draai omdat hy die Here wat die middelpunt van sy lewe behoort te wees, gelos het. Saul hou aan homself en sy eie vermoëns was. En as hy uitgang word oor sy ongehoorsaamheid aan die Here, is ander mense se optrede die oorsaak van sy oortreding.

Wanneer die Here uiteindelik die Filistyne in die mag van Israel oorgee omdat Jonatan en sy wapendraer die Here elke tree gehoorsaam volg en dien, leer ons nog 'n eienskap van Saul ken. Eers wil hy die Here raadpleeg oor wat hom te doen staan toe hy die rumoer in die Filistyne se kamp hoor. Maar toe die priester Agija na sy sin te lank draai, spring hy daar weg met sy swaard in die hand, want niemand anders as hy (Saul) moet tog die eer ontvang vir die verlossing van Israel nie. En om seker te maak dat almal sal weet dat Saul aandadig was aan die verlossing van Israel, het Saul die manskappe 'n eed opgelê:

**'n Ramp tref dié een wat voor vanaand iets eet. Ek wil my op my vyande wreek.**  
(1 Samuel 14:24 AFR83)

Saul het nie 'n lewende verhouding met die Here nie, maar hy beoefen wettisisme. Wettisisme is om geestelike sake wat tuis behoort in 'n mens se verhouding met die Here te neem en te verander sodat dit uitgevoer moet word soos jý sê, en vir jóú doel, en nie meer soos die Here sê dit vir sý doel gedoen moet word nie. Vir Saul het dit nie oor die Here of Israel se verhouding met die Here gegaan nie. Hy wou in sy ego gestreel word. Hy wou hê daar moes in die geskiedenisboeke onthou word dat Saul hom gewreek het op die Filistyne.

Saul se wettisisme het byna die lewe van sy seun Jonatan gekos. Was dit nie vir die manskappe wat vir Jonatan in die bres getree het nie, sou Saul sekerlik vir Jonatan daardie dag doodgemaak het omdat hy sy pa se eed verbreek het deur te eet voor die aand.

In hierdie deel van Saul se geskiedenis sien ons dat hy 'n stewiger greep op homself, sy wil en sy vermoëns kry omdat hy glad nie die Here as middelpunt in sy lewe het nie. Wanneer hy wel uitsprake oor diens aan die Here maak, is dit óf uit bygelowigheid óf uit wettisisme, of hy laat dit klink asof hy presies weet wat reg en verkeerd is in die oë van die Here. Toe die manskappe daardie aand dood van die honger op die buit van die Filistyne toesak, het hulle die diere geslag en sommer by die bloed die vleis geëet. Dit is eers toe iemand anders vir Saul sê dat die manskappe teen die Here sondig dat hy skielik die manskappe aansê om die diere by hom te slag en dan op 'n ander plek gaar te maak en te eet.

Met groot geduld het die Here met Saul voortgegaan. Ondanks al Saul se karaktergebreke en sy wankelrige verhouding tot die Here, hou die Here vir Saul koning. Hy het hom gekies om koning te wees. Maar die Here hou nie met Saul aan omdat Hy nie iets aan Saul se ongehoorsaamheid wil doen of omdat die Here Homself in 'n hoek sou gedryf het met sy besluit om Saul koning te maak nie. Dit gaan eerder oor die geduld en genade van die Here met 'n sondige mens.

Die Here het inderdaad iets aan Saul se ongehoorsaamheid gedoen. Hy het weer en weer vir Saul opdragte gegee om uit te voer. Weer en weer het die Heer aan Saul duidelik gemaak wat Hy van hom verwag. Die Here wil hê dat Saul 'n goeie koning vir Israel sal wees. Die Here begeer dat Saul Hom sal gehoorsaam en Hom opreg met sy hele hart sal dien. Maar oor en oor betoon Saul hom as 'n ongehoorsame dienskneg.

Saul se ongehoorsaamheid ten opsigte van hierdie laaste opdrag waarvan ons in 1 Samuel 15 lees, was die laaste druppel wat nodig was om die maat van sy sonde as koning by God vol te maak. Die Here het berou gehad omdat Hy vir Saul koning gemaak het. Die Here was nie spyt nie; Hy was hartseer en bedroef omdat Saul nie vir Hom wou luister nie. Saul het nou so aan homself en sy eie vasgeklou dat hy nie meer die Here as God het nie. Hy praat van Samuel se God, want Saul het met sy eiesinnigheid sy eie god geword. Sy bygelowige siening van die Here het oor die jare ook nie verander nie. Steeds dink hy dat jy offers op altare bring om die Here te paai en tevrede te hou.

Omdat die Here genoeg gehad het van Saul as 'n ongehoorsame en eiewillige koning, sê die Here by monde van Samuel aan hom:

**Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.**  
(1 Samuel 15:23 AFR53)

Toe Saul hierdie woorde hoor, skrik hy. Die eerste woorde wat 'n mens dan uit sy mond hoor klink soos 'n mens wat uiteindelik besef wat hy gedoen het. Saul bely sy skuld:

**Ek het gesondig, omdat ek die bevel van die HERE en u woorde oortree het.**  
(1 Samuel 15:24a AFR53)

Het Saul se oë werklik nou oopgegaan? Hy bely immers sy skuld. In die skuldbelydenis noem hy die Here se Verbondsnaam. Kom Saul nou regtig agter dat die Here begeer dat hy in 'n hegte verhouding met die Here moet lewe? Saul vereenselwig ook nou Samuel se woorde met die woord van God, want hy besef die Here het Samuel gebruik om hom te onderrig.

'n Egte skuldbelydenis uit Saul se mond, maar dan voeg by hoekom hy ongehoorsaam was:

**... want ek was bevrees vir die manskappe en het na hulle geluister**  
(1 Samuel 15:24b AFR53)

In plaas daarvan dat hy as koning van die Here se volk die Here gevrees het, vrees hy die manskappe. Die manskappe het eenkeer Saul van plan laat verander. Dit was toe hy vir Jonatan wou doodmaak. Nou het die manskappe Saul van sy heilige opdrag afgehou. In plaas daarvan dat hy as

gesalfde van die Here sê: Maak dood die diere – dit is die banoffer van die Here, het hy aan hulle versoek toegegee. Maar hoe sou Saul die manskappe met oortuiging kon aansê om die diere dood te maak as koning Agag lewendig langs hom staan. Omdat Saul nie die Here vrees nie, word hy gevonniss:

**Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.**

(1 Samuel 15:23 AFR53)

Hierop vra Saul ook nog:

**Vergeef dan nou tog my sonde en kom met my saam terug, dat ek die HERE kan aanbid.** (1

Samuel 15:25 AFR53)

Maar nóg die skuldbelydenis, nóg sy bede om vergifnis sal die vonnis verander. Hy is verworpe en hy bly verworpe – as koning. Dit beteken nie dat persoonlike vergifnis ook nou vir Saul uitgesluit is nie. Die Here het hom as koning verwerp – nie as mens nie. Die Here wil hê dat die sondaar sy skuld by Hom sal bely en met berou om vergifnis en genade sal smee. Die Here staan gereed om die sondaar te vergewe, daarom roep Hy sondaars op tot bekering. Maar die sondaar moet met 'n gebroke hart sy skuld bely en ootmoedig om vergifnis smee.

Saul se manier van vergifnis vra, laat dit klink asof vergewing sommer iets is wat maklik gegee kan word en die verhoudinge sommer maklik herstel kan word. Ons gewaar niks van worsteling oor Saul se gebroke verhouding met die Here of van enige veroot-moediging in sy woorde nie. In een asem vra hy om vergewe te word en dat Samuel saam met hom moet gaan om die Here te aanbid.

Saul het 'n formele, wettiese verhouding tot die Here. En op sy formele program by Gilgal is aanbidding van die Here die volgende item. Samuel dien egter nie die Here so nie. Diens en gehoorsaamheid aan die Here is nie die afmerk van 'n klompie items op 'n formele program nie. In sy hart ondervind Samuel die pyn en hartseer wat Saul se ongehoorsaamheid die Here aangedoen het. Daarom weier Samuel om met Saul saam te gaan, want hy het die Here verwerp en die Here het hom nou as koning verwerp.

As Samuel dan omdraai om weg te gaan, gryp Saul sy mantel in radeloosheid vas. En daar skeur die punt van Samuel se mantel. Oombliklik sien Samuel daarin 'n simbool en sê:

**Vandag het die HERE die koningskap oor Israel van jou afgeskeur en dit aan jou naaste gegee wat beter is as jy. En ook lieg die Roem van Israel nie, en Hy ken geen berou nie; want Hy is geen mens, dat Hy berou sou hê nie.**

(1 Samuel 15:28-29 AFR53)

Die Here se besluit oor Saul se koningskap is onherroeplik. Die Here sal nie teruggaan op sy besluit nie – Hy sal nie berou hê oor die besluit nie. Hy is die Roem van Israel – Hy is die Here van sy volk en Hy is onwankelbaar en onveranderlik.

Wat 'n droewige gesig, geliefdes? Nie eers hierdie woorde van die Here het by Saul ontsag vir die Here opgewek nie. Maklik sê hy weer:

**Ek het gesondig, net om by sy eintlike wens uit te kom: eer my tog nou voor die oudstes van my volk en voor Israel, en kom saam met my terug, dat ek die HERE u God kan aanbid.** (1

Samuel 15:30 AFR53)

Eer my tog! As verworpe koning het Saul nie meer eer nie. Maar nou smee hy by Samuel om tog maar net die uiterlike te bly handhaaf. Moenie dat die mense my oneer en smaad raaksien nie. Samuel het toe saamgegaan, nie om Saul te eer nie, maar miskien sou Saul uiteindelik sover kom om as mens homself te verneder voor God en tog genade by die Here te vind. Sonder om die res van Saul se geskiedenis nou te onthou, laat die Heilige Gees ons met hierdie spanning oor Saul bly

staan. Saul het die Here aanbid, maar ons hoor nie hoe hy dit gedoen het nie. Wat ons wel kan raaksien tot hiertoe in die geskiedenis van Saul is dat hy sy eie lewe en eie eer gesoek het maar dit verloor het. In plaas daarvan dat hy aan die Here wat die middelpunt van sy lewe behoort te wees, vasgehou het, het hy aan sy eie lewe geklou en verloor.

Jesus leer ons egter:

**Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red. (Markus 8:35 AFR53)**

Waar is die middelpunt van my en jou lewe, broers en susters en kinders?

Hoe lyk die mens se lewe wanneer die Here die middelpunt van ons lewe is? So iemand weet dat vergifnis nie sommer so sito-sito gegee word nie. Net omdat Christus aan die kruis vir al my sondes gesterf het, beteken nie dat my vinnige vergifnis vra en aangaan met my lewe die saak afgehandel het nie. Die feit dat ek glo dat Christus my verlos het, beteken ook nie dat ek maar kan sonde doen, want ek is mos verlos nie. Wie so maak, maak die genade van die Here goedkoop, en sy genade is nie goedkoop nie. God bewys alleenlik genade omdat Hy die duur prys van sy eie geliefde Seun vir sondaars gegee het.

Wanneer die Here die middelpunt van ons lewe is, gaan ons nie meer ons sondes op enige manier probeer regverdig nie. Ek kan nie meer sê: Omdat daardie een dit of dat gedoen het, het veroorsaak dat ek die Here se bevel oortree het nie. Nog minder gaan ek my oortreding vergelyk met ander mense sondes en daaruit aflei: Wel, ek het darem nie daardie verskriklike dinge gedoen nie, daarom is my saak met die Here beter as syne nie.

Omdat die Here die middelpunt van ons lewe is, gaan net amper voluit gehoorsaam aan die Here wees, nie meer vir ons werk nie. Gehoorsaamheid aan die Here is nie soos jukskei speel waar ek punte kry as ek maar net naby aan die pen gekom het nie. Slegs volle gehoorsaamheid is vir die Here goed genoeg. En omdat die Heilige Gees ons lewens beheers, is volle gehoorsaamheid aan die Here se bevel al wat goed genoeg is.

Betekend dit nou dat iemand vir wie die Here die middelpunt van sy lewe is dat hy 'n wettiese lewe lei. Nee, beslis nie. 'n Wettiese lewe is om die standaard van die Here laag te ag en jou eie harde koue reëls by te voeg en te dink jy gaan so die Here se guns wen. 'n Ware gelowige behou die hoë standaard wat die Here vereis – volle gehoorsaamheid aan Hom – omdat jy ontsag vir Hom het.

Maar niemand van ons het dit al ooit reggekry om die Here met volle gehoorsaamheid te dien nie. Selfs my beste diens aan die Here het maar nog 'n sweempie van selfdiens daarin. My regverdigste werk vir Hom dra iets van selfregverdiging. Daarom bly ons beste werk soos 'n wegwerplike kleed voor sy oë. Net dit wat volmaak is, is vir die Here goed genoeg.

Ons lof en dank gaan na ons Here Jesus Christus en ons hemelse Vader uit. God het sy Seun gegee tot ons geregtigheid. Wanneer ek en jy dan onder leiding van die Heilige Gees afstand doen van ons eie lewens, vermoëns en prestasies en met ons hele hart, ons hele siel en met al ons kragte aan Jesus Christus – die middelpunt van ons lewe – in die geloof vashou, reken die Vader Christus se geregtigheid ons toe. Dan sien Hy ons aan asof ons nooit sonde gedoen of gehad het nie, asof ons self al die gehoorsaamheid volbring wat Christus vir ons volbring het.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 84:3, 6 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte<sup>™</sup> in U mag vind,  
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,  
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.  
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,  
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg  
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.  
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
18 Augustus 2013